# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## PROEFEKSAMEN – VRAESTEL 1

## 2015

**GRAAD 12** **TYD: 2 UUR**

**PUNTE: 80**

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT <u>19</u> BLADSYE**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

2. 

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: LEESBEGRIP | (VRAAG 1) | (30) |
| AFDELING B: OPSOMMING | (VRAAG 2) | (10) |
| AFDELING C: TAAL | (VRAAG 3, 4 en 5) | (40) |

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

5. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke vraag.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Beplan jou tyd só!

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1

## TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende tydskrifartikel noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

**<u>WEES OTM SLIM</u>**

Wees altyd slim en waaksaam om nie 'n slagoffer van OTM-bedrog te word nie.

1. Dis baie gemaklik om geld by die OTM te gaan onttrek, maar wanneer jy jou swaarverdiende geldjies verloor omdat jy nalatig by die OTM was ,is daar nie veel wat jy daaraan kan doen nie.

2. Van die 4179 sake wat die Ombudsman vir Bankdienste (OBD) verlede jaar hanteer het, het 1 798 te doen gehad met OTM-bedrog. In die meeste gevalle was die kliënt nalatig.

3. Clive Pillay, Ombudsman vir Bankdienste, sê mense is steeds oningelig oor skelmstreke soos as iemand oor jou skouer loer en "behulpsame" omstanders.

4. Klein kamers word bo die OTM se sleutelbord gemonteer en onsigbare sleutelbordbedekkings wat jou PIN- nommer na 'n ou met 'n skootrekenaar naby stuur, het OTM –bedrog aan die top van die klagtelys oor die afgelope jaar gehou.

5. Janice Koopman (34), 'n laerskoolonderwyseres van Johannesburg, was 'n slagoffer van kaartbedrog. Die OTM het haar kaart "gesluk" en sy het uitgevind dat daar R5 000 uit haar rekening onttrek is. "Ek het die bank gebel nog

voordat die transaksie plaasgevind het. Daarom het ek gevoel hulle moet my vergoed," sê sy.

6. Die bank het eers voorgehou dat Janice se kaart gestop is nadat die transaksie plaasgevind het. Janice het haar tot die OBD gewend en sy kon verwysingsnommers van die oproepe wat sy na die bank gemaak het, gee.Sy kon egter nie die selfoonrekords verskaf as bewyse dat sy die oproepe gemaak het nie.

7. Die bank het vasgestel dat die geld wel uit Janice se rekening onttrek is tydens haar oproep terwyl sy aangehou het om deurgesit te word na die inbelsentrum van die bank. Sy het gedoen wat sy kon om haar verlies so min moontlik te hou. Die OBD het dus aanbeveel dat die bank haar die volle bedrag vergoed.

8. Charlaine Albertyn, hoof van debietbedrog by FNB, sê dit is egter jou verantwoordelikheid om seker te maak jy is veilig.Die bank maak deurgaans seker dat veiligheidsisteme in plek is. Navorsing deur FNB en Visa het gevind dat 42% van mense steeds hul bankkaart se geheime PIN-nommers met ander deel.

9. Ons kan nie genoeg klem lê op hoe belangrik dit is om jou persoonlike bankinligting geheim te hou nie. Die risiko om jou PIN-nommer te deel of neer te skryf is tweevoudig: jy word die slagoffer van bedrog en jy kan nie inligting op jou skerm sien waarvoor jy toestemming gegee het nie.

10. Bedrogsake word op 'n individuele basis ondersoek , maar die kans op vergoeding deur die bank is skraal as jou oorspronklike kaart en PIN gebruik is. Vervalsing is die resultaat van 'n hele rits aksies om die kliënt te bedrieg. Dis wanneer die skelms die kaart kloon en dan die PIN gebruik om toegang tot die kliënt se rekenings te kry.

11. So word jy gescam: Die e- Blockwatch-netwerk, wat inligting versprei, het teen OTM- misdadigers gewaarsku. 'n Lang, dun stukkie van 'n X-straal word in

die OTM-gleuf geplaas. Die OTM “ sluk” jou kaart en jy word paniekerig. ‘n “Goeie Samaritaan” daag op en bied aan om jou te help.Hy kry jou PIN, druk “Enter” en “Gaan voort” en “ Kanselleer”. Jy probeer ‘n paar keer, gee op en loop weg met die Samaritaan.Die dief keer ongesien terug na die OTM om die kaart uit die gleuf te haal. Hy kan nou gerus jou rekening leegtrek.

12. Hou die volgende in gedagte wanneer jy ‘n OTM-transaksie doen:

Jy moet nooit jou kaart en geheime kode (PIN) vir iemand anders gee nie. Moet nooit jou kaart se geheime kode (PIN) op jou foon stoor nie. Moenie by OTM’s in afgeleë areas of in die aand banksake doen nie. Hou een hand oor die skerm terwyl jy jou geheime kode insleutel. Hou jou OTM-onttrekkingslimiet laag. Moenie toelaat dat iemand jou by die OTM help nie. Vermy ‘n OTM waar die skerm nie verlig is nie of ‘n OTM wat nie die tuisskerm (HOME) vertoon nie.

( Deur Maretha Botes; Kuier 17 Junie 2015)

VRAE:

1.1 Wat is Janice Koopman se beroep ?
Skryf slegs EEN woord as antwoord neer. [1]

1.2 .1. Wie het hierdie artikel geskryf? [1]

1.2.2. Waarom het sy oor Janice Koopman geskryf? Skryf ‘n frase van 5 opeenvolgende woorde as antwoord neer. [1]

1.3. Hoeveel geld is uit Janice se rekening onttrek? [1]

1.4. Janice voer ‘n baie goeie rede aan waarom die bank haar geld moet terugbetaal. Wat is die rede? [1]

1.5. Wie kan die publiek wat deur skelmstreke hulle geld verloor het, help? [1]

1.6. Waaroor, voel Clive Pillay, is mense oningelig ?
Antwoord in jou eie sin/ ne. [1]

1.7. Noem een van die uitvindings wat met OTM-bedrog help. [1]

1.8. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

1.8.1. Charlaine Albertyn sê die bank moet verantwoordelik wees. [1]

1.8.2. Janice kon nie die verwysingsnommers van die oproepe onthou nie. [1]

1.9. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Wanneer jy 'n OTM-transaksie doen, moet jy:

A. Jou kaart en geheime kode aan iemand gee
B. Jou kaart se geheime PIN-kode neerskryf en op jou foon stoor.
C. Jou hand oor die skerm hou wanneer jy geld onttrek.
D. Jou daaglikse OTM-onttrekkingslimiet baie hoog hou. [1]

1.10 Die OBD het al Janice se geld terugbetaal.

1.10.1. Waarom stem jy saam met die bogenoemde stelling ? Motiveer jou antwoord deur 'n SIN aan te haal. [1]

1.11. Watter netwerk waarsku ons teen OTM- misdadigers? [Tweede laaste paragraaf.] Skryf slegs EEN woord as antwoord neer. [1]

1.12. Waarvoor staan die OBD? [1]

1.13 Dink jy dit is reg dat die bank nie eers Janice se geld wou terugbetaal nie? Sê JA of NEE . Verskaf 'n goeie motivering vir jou antwoord. [1]

1.14. Waarom het navorsing deur FNB getoon dat die publiek self te nalatig met hulle bankkaarte was? [1]

1.15. Watter WOORD in paragraaf 10 sê vir ons dat banke nie <u>sommer</u> gesteelde geld aan hulle kliënte sal terugbetaal nie? [1]

1.16. Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en die letter neer.

1.16.1. " n Samaritaan" is iemand wat:

A. teen betaling mense help.
B. jy in die Bybel vind.
C. sonder vergoeding mense in nood help.
D. in 'n bank werk en geld uitdeel. [1]

1.16.2. Wanneer jy waaksaam by 'n OTM is:

A. waak jy oor jou handsak wanneer jy geld trek.
B. kan bedrog plaasvind wanneer jy geld trek.
C. kan jy jou swaarverdiende geldjies verloor.
D. is jy bewus van ander om jou wanneer jy geld trek. [1]

1.17. Noem EEN van die wenke in paragraaf 12 wat jy in gedagte moet hou wanneer jy 'n OTM-transaksie doen. Skryf jou antwoord in jou eie sin/ne. [1]

**TEKS B: ARTIKEL**

Lees die volgende artikel noukeurig deur en beantwoord al die vrae wat volg.

1.18. Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte letter as antwoord neer.

" Ek gaan sukses behaal !" ( blokkie 1) beteken dat jy…

A. positief oor jouself voel
B. te veel van jouself dink
C. twyfel of jy suksesvol gaan wees.
D. wonder of jy suksesvol gaan wees. [1]

1.19. Wat is die naam van die tienertydskrif waaruit hierdie inligting kom? Skryf net die tydskrif se naam neer. [1]

1.20. Hoe kan jy die eksamenmonster maklik oorwin? [1]

1.21. Skryf die sin neer wat vir jou sê dat jy moet ontspan om iets te gaan eet. [1]

1.22. Vir hoeveel minute moet jy rus ? [1]

1.23. Waarom moet jy jou handspiere gereeld oefen ? [1]

1.24. Volgens navorsing , watter drankie laat jou 1/3 beter vaar? Skryf drie woorde as jou antwoord neer. [1]

1.25. Wat word die volgende kos volgens die artikel genoem? 1 k laevetmelk; ½ gemengde bessies en 1 t heuning. ( een woord) [1]

1.26. Watter "energiedrankie" het jou lyf en brein tydens studie nodig? Haal twee woorde as jou antwoord aan. [1]

1.27. Watter SIN sê vir jou dat die doel van hierdie artikel is om matrieks sterkte vir die eksamen toe te wens. [1]

TOTAAL VIR AFDELING A:

**AFDELING B : OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

**INSTRUKSIES**

1. Vind **SEWE wenke** oor vliegmaniere.
2. Som die wenke op en skryf hulle in **SEWE volsinne** neer.
3. Skryf net **EEN** wenk per sin.
4. Skryf jou sinne **puntsgewys** onder mekaar van 1 tot 7 neer.
5. Laat 'n reël tussen die sinne oop.
6. Jou opsomming mag nie langer as **70 woorde** wees nie.
7. Skryf die aantal **woorde** aan die einde van die opsomming neer.

**TEKS C : VLIEGMANIERE**

1. Vlieg is die maklikste manier om van punt A tot punt B te kom, maar dit is steeds in 'n klein ruimte en jy moet ander in ag neem. Hou die basiese vliegtuigetiket in gedagte om seker te maak dit is vir almal 'n ewe genotvolle ervaring.

2. Handbagasie is gewoonlik die groot probleem. Bonkige sakke sal die opklimproses vertraag en jou medepassassiers irriteer.Beperk jou handbagasie tot die minimum sodat dit maklik onder die sitplek voor jou gebêre kan word.

3. Onthou om jou selfoon af te sit voordat jy jou bagasie wegsit en jou sitplek inneem. Selfone mag nie in die kajuit van die vliegtuig gebruik word nie.

4. Beskou die stoel se armleuning eerder as ‘n stukkie dekor. Onthou die armleuning moet gedeel word en as jou elmboog daarop rus, moet jy genoeg plek vir die persoon langs jou los.

5. Maak seker die persoon agter jou is nie besig om ‘n drankie op sy skinkbord te balanseer nie. Gee dus ‘n vriendelike waarskuwing voordat jy jou sitplek agtertoe skuif. Respekteer ander mense se persoonlike ruimte. Geen voete op sitplekke en koppe op ander passassiers se skouers nie, asseblief.

6. Moenie jou eie kos saamvat nie; dis nie die langpad of ‘n piekniek nie. Die reuk van tuisgemaakte kos kan onsmaaklik vir ander wees. As jy moet, bring liewer peuselhappies soos neute, droëvrugte of biltongstokkies.

7. As die vliegtuig op die aanloopbaan ry nadat dit geland het, beteken dit nie jy kan opspring en in die oorhoofse bagasiesentrum begin krap nie. Wag tot die vliegtuig heeltemal tot stilstand gekom het en laat almal dan die vliegtuig stadig en vriendelik verlaat – ry vir ry van voor af.

(Verwerk uit: My Tyd, Rapport. 18 Maart 2012)

TOTAAL VIR AFDELING B: 10

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

**TEKS D**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande advertensie gebaseer.

- Die nommering in die advertensie verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.

| Werk in uniform<br>(3.1.) (BRANDVEER) |
|---|

Die Southern African Emergency Institute (SAEIS) bied opleiding in 21 opleidingsentrums in (3.2.) (Suid-Afrika) aan. Hulle vereistes is dat kandidate ouer as 18 moet wees, matriek ( 3.3.) ( … ) wiskunde geslaag het en medies geskik is. Die basiese opleiding is baie (3.4.) ( … )goedkoop.

## **Daar is ses stappe**:

1. Kandidate doen ‘n fiksheidsevaluering wat baie ( 3.5.) ( oefening) insluit.
2. Kandidate wat die evaluering slaag, skryf ‘n wiskunde –en begripstoets.
3. Daarna doen (3.6) ( … ) ‘n toets om vir vertigo en engtevrees (3.7.)( … ) toets.
4. Eers dan kom die onderhoude en mediese ondersoeke.
5. Suksesvolle kandidate word aangestel as leerlingbrandbestryders en moet die opleidingsprogram, wat ses tot agt maande duur, slaag.
6. Daarna word hulle aangestel as (3.8.) (permanent ) brandbestryders en na brandweerstasies ontplooi.

3.1. Gee die korrekte **SPELLING** van die woord tussen hakies. [1]

3.2. Gee die **AFKORTING** vir die woord tussen hakies. [1]

3.3. Voltooi die sin deur die korrekte **VOORSETSEL** in te vul. [1]

3.4. Gee die **TEENOORGESTELDE** van die woord tussen hakies. [1]

3.5. Gee die **MEERVOUD** van die woord tussen hakies. [1]

3.6. Vervang die woord tussen hakies met die korrekte **VOORNAAMWOORD**. [1]

3.7. Voltooi die sin met die korrekte **INFINITIEF.** [1]

3.8. Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies. [1]

**VRAAG 4 : STROKIESPRENT**

**TEKS E**

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprentjie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

4.1. Verander die volgende sin in die **ONTKENNENDE** vorm.

Ek leef my droom uit. [1]

4.2. Gee die **INTENSIEWE VORM** van " vinnig". [1]

4.3. Herskryf die volgende sin in die **INDIREKTE REDE.**

Beauty vra : "Wie is die vinnigste vrou op aarde ?" [1]

4.4. Hoe wys die taxi bestuurder dat hy verbaas is? [1]

**TEKS F**

'**n Waardige wenner!- *Ek was hier*** ( Nanette van Rooyen)

(4.5.)Frankie van Luffelen is baie lief vir kunsflieks en haar skaatsplank. (4.6.) Haar ma, Elena, is 'n juweelontwerper wat in die hippie-era gebore is. (4.7.) Sy het "die hele planeet en al sy inwoners lief." (4.8.) Ben is Frankie se pa en praat Vlaams. (4.9.) Hy is 'n sjef wat (4.10.) smaaklike kos maak. Dan is daar Milan, die nuwe ou in graad 10. (4.11.) Hy hou van outydse musiek en kyk na flieks soos *The motorcycle diaries*. (4.12.) Hy is mal oor straatkuns en ook oor Frankie. (4.13.) Milan leer Frankie om straatkuns te gebruik en so ontwikkel hulle liefdesverhaal. Die titel *Ek was hier* dui op die mens se behoefte om iets op aarde na te laat. (4.14.) Dit is 'n fyn uitgewerkte liefdesverhaal waarvan tieners baie sal hou.

(Verwerk uit: http:// www.litnet.co.za.)

4.5. Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD.**

Frankie van Luffelen is baie lief vir kunsflieks. [1]

4.6. Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Elena het gister juwele ontwerp . [1]

4.7. Gee die **VERKLEINING** van die woord tussen hakies**.**

Sy het al die inwoners van die (planeet) lief. [1]

4.8. Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Ben is in Vlaandere gebore. Hy praat Vlaams. (daarom) [1]

4.9. Verbeter die **WOORDORDE** van die volgende sin.

Hy is ‘n sjef wat ( heerlik, kook ,elke dag, in die kombuis) [1]

4.10. Skryf die volgende sin in die **ONTKENNING.**

Maak smaaklike kos !
Begin so: “ Moenie . . . [1]

4.11. Skryf die volgende sin in die **DIREKTE REDE**

Hy sê dat hy van outydse flieks hou. [1]

4.12. Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van die woord tussen hakies.

Hy is die ( mal) oor straatkuns. [1]

4.13. Milan **leer** Frankie om straatkuns te gebruik.

Gebruik die **HOMONIEM** van **leer** in ‘n volsin sodat dit ‘n ander betekenis het. [1]

4.14. Skryf die sin in die **VERLEDE TYD** oor.

Tieners hou baie van die verhaal. [1]

**VRAAG 5 : ARTIKEL EN PRENT**

**TEKS H**

- Die taalvrae wat volg , is op die artikel hieronder gebaseer.
- Opsetlike taalfoute mag voorkom.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

## EKSAMENSTRES!

1 (5.1.) Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak Ons het dr. Melissa Kang gevra om raad te gee vir daardie dae wanneer die stres te veel raak.

**1 KYK NA JOU LIGGAAM**

(5.2) Eet gesond en doen gereeld oefening gedeurende die eksamentyd. Melissa sê dat 'n mens sjokolade of koffie moet vermy.

**2 JY MOET GENOEG SLAAP KRY**

Dit help nie dat jy tot in die vroeë oggendure studeer nie. (5.3.) Jy moet genoeg slaap kry."Probeer rustiger wees," sê Melissa. " Moenie dink jy kan met (5.4.) 14 uur se slaap na jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie."

**3** (5.5.) **JY MOET 'n STUDIEROETINE ONTWIKKEL**

Melissa glo jy moet self die besluit (5.6.) ( …) om 'n studierooster op te stel. Jou vriend of (5.7.) ( … ) is ook altyd daar om jou te help. (5.8.) Dalk verkies jy om elke dag 'n bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. 'n Goeie studieroetine (5.9.) ( lui/ ly /lei) beslis tot minder stres.

4 **HOU KOP**

"Jy moet die tekens van moegheid herken," sê Melissa. "As jy 'n bietjie moeg voel nadat jy te veel geleer het, kan jy vinnig om die blok gaan stap. Ontspan in 'n warm bad met kerse en (5.10.) rustig musiek.

(Verwerk uit Huisgenoot, 11 November 2011)

5.1. Skryf die sin oor en vul die korrekte **LEESTEKEN** in.

Voel jy dat jou skoolwerk vir jou te veel raak [1]

5.2. Verbeter die **SPELFOUT** in sin 1 van paragraaf 2. [1]

5.3. Skryf die volgende sin in die **INFINITIEF** oor.

Jy moet genoeg slaap kry.
Begin so : Jy behoort . . . [1]

5.4. Skryf die getal tussen hakies VOLUIT. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

" Moenie dink jy kan met (14 )uur se slaap na jou laaste eksamenvraestel verlore slaap inhaal nie." [1]

5.5. Skryf die volgende sin in die **LYDENDE VORM** oor.

Jy moet 'n studieroetine ontwikkel. [1]

5.6. Voltooi die volgende sin deur die **WERKWOORD** in te vul. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Melissa glo jy moet self die besluit . . . om 'n studierooster op te stel. [1]

5.7. Vul die **TEENOORGESTELDE GESLAG** van die woord tussen hakies neer. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

Jou (vriend) of ( … ) is ook altyd daar om jou te help. [1]

5.8. Verbind die volgende sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Dalk verkies jy om elke dag 'n bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. (sodat) [1]

5.9. Kies die **KORREKTE WOORD** uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die woord as antwoord neer.

'n Goeie studieroetine (lui/ly/lei) tot minder stres. [1]

5.10. Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies. Skryf slegs Die word as antwoord neer.

Ontspan in 'n warm bad met kerse en (rustig) musiek. [1]

**TEKS I**

Die taalvrae wat volg, is op die onderstaande prent gebaseer.

Gebruik die woorde in die lys hieronder om die sinne te voltooi. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| bloes | kussing | stewel | tas |
| plakkaat | draak | tekkie | bril |
| kombers | trui | slordige | laken |
| klerekas | netjiese | skoot | |

5.11. Daar is baie klere in die . . . . . . [1]

5.12. Die westerse fliek is op die . . . . . . teen die muur. [1]

5.13. Sy beoefen sport want een . . . . . . lê op die vloer. [1]

5.14. Die kat lê rustig op haar . . . . . . . [1]

5.15. Sy is ‘n . . . . . . meisie . [1]

5.16. Sy dra ‘n . . . . . . om haar boek te lees. [1]

5.17. Die . . . . . . op haar bed hou haar saans warm. [1]

5.18. Sy hou van reis want daar is ‘n . . . . . . in die rak. [1]

TOTAAL VIR AFDELING C : 40

GROOTTOTAAL: 80